GROEIGROEP MATERIAAL

Toekomsvenster

Leef uit God se Woord

Opening

Hierdie tyd van die jaar beleef mense dikwels baie druk. Hoe gaan dit met die lede in jou groep en wat dra alles by tot die druk wat ons vandag beleef? Gee vir mekaar bietjie om en bid vir mekaar.

_____

_____

Inleiding

As Christen voel dit soms vir my asof ons baie harder moet werk as gewone mense. Ons het `n klomp verantwoordelikhede as mens om te werk, gesinne te onderhou, ens. en dan moet ons nog al die ekstras doen wat God van ons vra. Soms voel ek dit is hard om as dissipel in Jesus se voetspore te volg. Hoe voel julle hieroor?

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Dit kan miskien soms moeilik wees om anders te leef as die wêreld om ons. Om besig te wees met dinge wat regtig saak maak is baie meer bevredigend as om besig te wees met goed wat aan die einde van ons lewe niks beteken nie. Watse goed wat jy doen het ewigheid waarde en wat gaan dalk eendag op niks uitloop nie? NB! Ons gaan altyd ook besig wees en moet wees met goed wat dalk nie ewigheid waarde het nie. Hierdie is nie `n vraag vir skuldgevoel nie maar `n vraag om oor die balans in ons lewe te dink!

_____

_____

KOM ONS LEES

In Sondag se erediens het ons na die volgende teks gekyk. Lees dit en bespreek die vrae hieronder.

Matteus 20:30-34

- In hierdie gedeelte word melding gemaak van hoe die mense om Jesus die saak hanteer het. Maak ons soms ook dieselfde?
- Wat is al die werkwoorde wat Jesus se reaksie beskryf en wat kan ons daaruit leer?
- Bespreek die volgende stelling: '**If you want to be used by God, you must get used to be interrupted'. Is jy gereed daarvoor?**

Die Here praat dikwels met ons juis deur ongemak:

Die volgende teks het ons in die erediens gelees wat ons almal ongemaklik gemaak het. Lees dit en deel met mekaar wat julle hoor:

Jesaja 58:7-9

Riglyne vir die praktyk

Tydens die erediens het ons na die volgende riglyne gekyk om ons te help om meer barmhartig te wees. Kyk na die riglyne maar deel ook met mekaar wat julle dink ons kan help.

- Moenie moedeloos raak nie. Ons sal nooit almal kan help nie. Doen vir een wat jy soms wens jy vir almal kon doen.
- Gebruik bestaande sisteme en ondersteun dit.
- Moenie van mense verwag om soos jy te wees nie. Elkeen verskil en mense leef ook vanuit hulle eie raamwerk en sisteme. Ontmoet hulle eerder waar hulle is.
- Wees genadig. Ons gaan baie meer genadig met mekaar moet wees.
- Netwerk met mekaar. Hoe kan julle as groep netwerk?

Slot

Reflekteer en sluit af met gebed.